Ark Blitz

'n Aangename GEUR bring aan GOD eer

Les 5 - 'N AANGENAME GEUR

Maats lees: Eks 30:1-10 en 34 - 38

Die hoëpriester moes 'n spesiale parfuum as 'n offer of spesiale geskenk aan God bring ,want 'n aangename geur bring aan God eer. Daardie spesiale parfuum is wierook genoem. Die wierook wat in God se huis gebring moes word, was heeltemal anders. God het vir Moses spesifieke instruksies gegee oor die wierook wat vir Hom gebrand moes word. Dit was gemaak van geurige speserye wat op 'n spesiale manier saam gemeng moes word. Dit was fyn gevryf totdat dit poeier geword het. Die Israeliete het gereeld speserye gebruik in hulle huise. Nie een van die Isrealiete was egter toegelaat om vir hulself wierook te maak volgens die resep wat die Here vir Moses gegee het nie. Dit was spesiaal net vir God bedoel. Elke oggend en elke aand, wanneer Aäron die lampe van die kandelaar gaan versorg het , moes hy 'n wierookoffer vir God bring. Die aangename geur van die wierrookoffer het die tabernakel dag en nag gevul. Die plek waar Aäron die wierook moes offer, was op die goue wierookaltaar. Dit was die derde voorwerp wat in die Heilige gestaan het, saam met die kandelaar en die tafel met brood. Die wierookaltaar het teen die verste kant, die westekant van die Heilige gestaan, reg voor die gordyn wat die Helige en die Allerheilige vertrekke van mekaar geskei het. Dit was soos die brandofferaltaar, in die vorm van 'n kis. Dit was 'n halwe meter breed en een meter hoog. Dit het ook horings bo-op die vier hoeke gehad en 2 ringe aan weerskante, sodat dit met draaghoute rondgedra kon word. Daar was egter 'n paar verskille tussen die 2 altare: die brandofferaltaar was met brons oorgetrek, terwyl die woerook met baie duurer, kosbaarder goud oorgetrek is. Op die brandofferaltaar is diere geoffer om versoening te doen vir sonde. Op die wierookaltaar was 'n reuk offer gebring as spesiale geskenk wat vir God aanmeenlik was. Aäron moes elke oggend en elke aand die spesiale wierrookpoeier neem en dit op gloeiende kooltjies op die wierooaltaar strooi. Wanneer die wierook dan brand, het 'n aangename geur die tabernakel gevul. Dit was dus 'n spesiale offer om spesiaal eer en aanbidding vir 'n wonderlike, heilige God te bring. Watter spesiale offer kan ons aan God bring? Ps 141:2 sê:" Mag my gebed voor U wees soos 'n wierookoffer" terwyl Heb 13:15 sê: " Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring. Die lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely." Soos die wierook dag en nag in die tabernakel gebrand het en vir God 'n aangename geur was, so is ook ons gebede van lof. In Open 5:8 word ook gepraat van goue bakke vol wierook wat die gebede van die gelowiges is. As jy aan God behoort deur in sy Seun Jesus te glo, verlang Hy daarna dat jy gedurig aan Hom 'n offer van lof sal bring. Bring aan God 'n offer van lof deur te bid en vir Hom te sê: "Here, U is wonderlik" of "Ek loof U omdat U so goed is." Jy kan ook 'n liedjie sing wat aan God lof bring. Dan is dit soos 'n lieflike, aangename geur wat na God opgaan.

Goue wierookaltaar

Die wierookoffer was spesiaal net vir God bedoel

Hebreërs 13:15

Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring.

Psalm 141:2

Mag my gebed voor U wees soos 'n wierookoffer

Openbaring 5:8

...'n goue bak vol wierrook, die gebed van die gelowiges.